

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 20 - nr. 10.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

8 Maart 2020

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die Here te kan dien.

EREDIENS VANOGGEND: Dr Petrus Venter

Voorsang:

Sb. 4-1 (1) : 1, 5, 6

Ontmoetingsdiens:

Votum en seën

Sing: Ps. 66:1,2

Belydenis van geloof

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet

Sing: Ps.68:1

Gebed

Woorddiens:

Sing: Ps. 68:2

Skriflesing: Jakobus 4: 1 - 17

Teks: Jakobus 4:1, 4, 7-8a, 10

Preektema:

Om maar te doen soos die wêreld dit doen!

Antwoorddiens:

Gebed

Liefdesdiens kollekte: In die banke- DVB

By die deure- Ekumenisiteit: Londen

Sing: Ps.66: 7,8

Wegstuurseën

Preekskets:

Tot waar ons vandag in die Jakobus-brief gekom het, was ons voortdurend daaraan herinner dat ons op allerlei wyses beproef gaan word. Ons mag nooit daardie eerste verse in hfst. 1 vergeet waar Jakobus dit baie reguit gesê het- *2 My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, 3 want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard ...* Soos ons reeks uit hierdie oudste geskrif in die Nuwe Testament gevorder het, ja 'n brief uit die hande van 'n broer van ons Here Jesus Christus, het dit soveel kere gehandel oor dinge waarin ons getoets gaan word. 'n Toets wat die gelowige moet deurstaan.

U en ek word ook getoets in watter mate is ons daartoe geneig om maar te doen soos die wêreld dit doen. Is ek 'n vriend van die wêreld of 'n vriend van God. Die gevaar van wêreldgelykvormigheid is op baie maniere dit waarin ons getoets gaan word as ons hfst. 4 tot by hfst. 5 vers 12 moet saamvoeg.

Om in wysheid van bó , wat altyd ons gebed uit Jakobus moet wees, te handel, laat ons vandag by die volgende drie sake stilstaan:

Eerstens - hoe gevaarlik kan ons hartstogte, hoe gevaarlik kan ons selfsugtige begeertes nie wees nie?!

In die tweede plek- Kom al nader aan God want wie hom/haar nie aan God wil onderwerp nie, het wêrelds geword.

In die laaste plek- hoe kan ek nederig wees in 'n wêreld wat baie hoogmoedig is.

KOLLEKTES

Vandag: 8 Maart 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid**

By die deure: **Ekumenisiteit Londen**

Sondag: 15 Maart 2020

- In die banke: **Diens van barmhartigheid**

By die deure: **Sustentasië GKSA**

WYK - DIENSBEURT

Vandag –8 Maart 2020 - **Wyk 8**

- **Ouderling:** Br. Wolfie Reinecke

- **Diaken:** Br. Johan Reinecke

- **Wyksusters:** Sr. Kobie Reinecke

Volgende week – 15 Maart 2020 - **Wyk 9**

- **Ouderling:** Br. Ferreira Meyer

- **Diaken:** Br. Barend Snyman

- **Wyksusters:** Sr. Cecile de Kock

MEELEWING

- Ons bid vir sr Nelize Boshoff/Mitchell wat met kanker gediagnoseer is. .
- Sr Cecile de Kock word in die tyd in Upington geopereer om haar hand en pols styf te maak en haar van baie ongemak en pyn te verlos. Ons gebed is dat die operasies en behandeling alles geseënd mag wees.
- Sr Fransie Venter het in die laaste weke swaar las met haar gesondheid. Ons bid dat sy spoedig weer beterskap mag ontvang.
- Ons bid vir br Louis Calitz wat in sy kosterwerk 'n voetbesering opgedoen het. Mag hy ook gou weer herstel.
- Ons dink ook aan sr Kotie Riley wat in die proses is om ook katarak-operasie te moet ondergaan.
- Ons dink aan sr Annelie Williams wat nog las van haar rug het. Mag die afgelope week se behandeling vir haar goeie gevolg wees.
- Gelukwens aan br en sr James en Janika Johnston met hulle huwelik. Mag die Here die saambring wat Hy nou saamgevoeg het ryklik seën en hulle gelukkig getroud mag wees.
- Sr Sorica Coetzee word DV eerskomende Saterdag in die huwelik met Jacques Thirion bevestig. Ons bid hulle die seën van die Here toe met die voorbereiding en bevestiging van die huwelik.

VERJAARSDAE

Donderdag 12 Maart br. Harm Schoeman

Sondag 15 Maart sr. Maureen Niesing

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

GROENWATER-NUUS

Ons bedieningshulp in Groenwater het in die laaste maande weer kon hervat. Daar bly uitdagings maar ons vertrou in dit wat reeds hanteer is en aangespreek kon word, daar wel daarop voortgebou kan word. Dr. Venter sal vandag weer daarheen gaan.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>
BEROEPE AANVAAR: Proponent P Mkupa (Phumlani) na GK Rehoboth/Mdatsane

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan.

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katekisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Katekisasie gaan soos afgespreek voort:

Laerskool-klasse vind Sondag na die ereodiens by die kerk plaas.

Hoërskool-katekisasie vind Sondag 'n kwartier na die ereodiens by die kerk plaas.

Belydenisklas vind Maandag om 17h00 plaas.

Ons volwasse katekiese klasse vind Maandag om 18h00 plaas. Reëlings met die katekisante sal steeds deur WhatsApp via ons kerkgroep deurgegee word.

KERKKANTOOR

Kalenders is beskikbaar. Daar het 'n drukkersduiwel ingesluip by Maart 2020 met week nrs. en wyk nrs. Ons vra dat dit maar so gehanteer sal word soos gedruk.

DORKAS- SUSTERS

Huis Jan Vorster-mandjie – Toiletware vir ons inwoners in HJV kan in die groen mandjie voor in die portaal geplaas word. Hulle ondervind die laaste tyd veral 'n tekort aan **doeke, Prep en aqueous room**. Die inwoners het ook hulle hartlike dank uitgespreek vir dit wat alreeds geskenk is.

BYBELSTUDIE

Bybelstudie gaan die week normaal voort ...

Bybelstudie Maandag: 19h00 Aandgroep

Bybelstudie Dinsdag: 10h00 Oggendgroep

Ons gaan voort met die reeks rondom die gebede uit God se Woord.

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons tee-drink lokaal na die ereodiens.

GEMEENTEKAMP

Merk die datum: 3 tot 5 April 2020

ALMANAK 2020

Die Almanakke wat reeds afgehaal is kan by die kantoor betaal word. Ons het ekstra kopieë uit Potchefstroom ontvang. U kan Kerkkantoor daarvoor skakel en ook u betalings maak.

KALENDER (JAARBEPLANNING) IN ELEKTRONIESE FORMAAT

As u graag u dagboek in elektroniese formaat op u selfoon wil plaas kan u op ons webwerf die toepassing en beplanning aflaai wat dit deur *Microsoft Outlook* vir u moontlik maak. Die inligting is gestoor op die Tuisblad onder die lêertjie pmg_calendar.ics

GLOMedia TV

Die GKSA en die NHK het saam ons eie TV-platform geskep om goeie Christelike programme op professionele TV standaard te vervaardig. Hoewel die vervaardiging eers vanjaar begin het, is baie ure en baie soorte programme vir jonk en oud reeds beskikbaar. Programme word weekliks bygevoeg.

Ondersteun die inisiatief deur na www.glomedia.tv te gaan en aan te sluit.

Jy kan ook armer gesinne borg of voorstelle maak deur 'n epos te stuur na navrae@glomedia.tv

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za> Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Vandag is weer 'n nuwe span teoloë wat hierdie maand hervat.

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

In Maart wil die predikant graag op wyk 7 konsentreer met huisbesoeke. Hy sal u kontak om afspraak vas te maak. As enigiemand uit van die ander wyke wel behoefte het dat hy vroeër by u moet uitkom, moet asseblief nie aarsel om hom te kontak nie.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Begroting vergadering sal 8 Maart 2020 na die diens plaasvind
Volgende kerkraadsvergadering vind DV 20 Mei 2020 om 18h00 plaas.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg
E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za
Tel: 053 313 3710
Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571
Kerkkantoor ure: Maandae tot Vrydae 09h00 - 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampste	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Orrelis			
Kassiere	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	37
Bydrae: Ekumenisiteit Buiteland	R 653.00
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	R 894.00

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za